# TOESPRAAK GELEWER DEUR MNR. A. J. KOEN, DIREKTEUR VAN ONDERWYS IN TRANSVAAL, BY GELEENTHEID VAN DIE AMPTELIKE INWYDING VAN DIE LAERSKOOL JONGSPAN OP 29 MEI 1964

*Sosiale Studies versus Geskiedenis in die Laerskool-kurrikulum*

Wanneer daar besluit moet word oor die vakke wat in die laerskool aangebied moet word, die tyd wat aan elke vak bestee moet word en die belangrikheid van elke vak ten opsigte van sy bydrae tot die algemene vorming van die kind, is dit nodig dat daar teruggegaan word na die fundamentele en dat daar helderheid moet kom oor die algemene en die besondere doelstellings wat met die laer onderwys bereik moet word. Geruime tyd gelede het die T.O.D. in breë trekke sy doelstellings met laer onderwys beskrywe, maar hierdie begrip moet nog verder uitgebou word sodat daar 'n volle Suid-Afrikaanse onderwysfilosofie in beliggaam sal word. Laer onderwys is die eerste vorm van opsetlike skoolonderwys vir alle opvoedbare leerlinge binne die grense van verpligte skoolbesoek. Laer onderwys is in sy wese elementêr en fundamenteel en voordat die boonste grens van verpligte skoolbesoek van so 'n aard was dat leerlinge noodwendig Middelbare Onderwys moet benut soos tans die geval is, het die laer onderwys hoofsaaklik twee doeleindes gedien, naamlik die voorbereiding van die kind vir sy verdere onderwys en opvoeding en die algemene vorming van die kind en die afronding van sy onderwys in so 'n mate dat hy gereed was om die ambagte en die meer primêre beroepe te volg.

Die verhoging van die boonste grens van skoolplig, het egter veroorsaak dat laer onderwys nie langer leerlinge voorberei om, nadat hulle die laerskoolkursus deurloop het, die lewe in te gaan nie, maar dat die laer onderwys hom nou die kind se algemene vorming en sy voorbereiding vir die middelbare onderwys ten doel stel.

Laer onderwys bly egter nog 'n selfstandige, afgeronde geheel en beoog die bybring van daardie basiese kennis en vaardighede wat instrumenteel is vir die kind se verdere onderwys en sy gesonde groei ten opsigte van sy verstandelike, fisiese, estetiese, religieuse, sosiale en emosionele ontwikkeling. Ek wil nie nou met u praat oor al hierdie aspekte en doelstellings van die laerskoolleerling se ontwikkeling nie, maar ek wil vier sake uitlig en aantoon wat en hoe hulle bydra tot die ontwikkeling van die leerlinge.

Hoe ons in Suid-Afrika ookal mag verskil ten opsigte van die filosofie van die onderwys, stem ons seker almal saam dat wanneer ons vakke vir die laerskool moet kies, die vak wat eerste geplaas moet word, weens die besondere bydrae wat hy tot die ontwikkeling van die kind lewer, Godsdiensonderrig is. Want al sou ons ook hoe ver van mekaar verskil ten opsigte van die dogmatiese in die onderwys, stem die oorgrote meerderheid van die bevolking saam dat Godsdiensonderrig (bo geloofsverdeeldheid) die belangrikste vak is, want wat baat dit die mens „dat hy die hele wêreld gewin en skade ly aan sy siel".

Onafskeidelik aan Godsdiensonderrig verbonde, is 'n studie van die moedertaal. Dit is immers een van die belangrikste doelstellings met laer onderwys om die kind te leer om sy huistaal doeltreffend te praat, te lees en te skryf.

Derdens is dit onmoontlik om op suksesvolle en intelligente wyse aan die moderne samelewing deel te neem sonder 'n deeglike kennis van syfers en hulle aanwending.

Aanvullend tot die studie van die moedertaal is ons in Suid-Afrika deur middel van die Grondwet van die Republiek gebonde tot 'n studie van die tweede landstaal. Vir die Engelssprekende hou 'n studie van die tweede landstaal nie slegs 'n beter begrip in van sy Afrikaanstalige landgenoot en sy kultuur nie, maar kennis en gebruik van Afrikaans het groot „binnelandse" en in Nederland en België ook buitelandse gebruikswaarde. Vir die Afrikaanssprekende lei kennis en studie van Engels ook tot 'n beter begrip van sy Engelstalige landgenoot en het dit vir hom groot gebruikswaarde in die binne- en buiteland, en ontsluit dit vir hom 'n groot deel van die wêreld se literatuur, wetenskap en kennis.

Die wêreld van vandag vereis nie slegs dat jy moreel kerngesond, wel ter tale, en vaardig met syfers sal wees nie, maar ook dat jy veranker is in 'n eie plek in jou volk en die plek van jou volk in die wêreld met perspektief beide agteruit en vooruit in tyd en ruimte moet kan visualiseer.

Die vernaamste aanslae wat vandag op die mens as individu en gevolglik op volke as geheel gedoen word, is ten opsigte van die geestelike beheer oor die individu en die internasionale beheer oor 'n volk. Die skool het dus 'n besondere taak om elke leerling sosiaal en verstandelik so te ontwikkel dat hy in sosiale sin sal inskakel in 'n eenvoudige en lojale verbondenheid aan alles wat volks- en landseie is maar ook met waardering van die vreemde en dat hy terselfdertyd ook 'n verstandelike selfstandigheid en 'n hoë mate van integriteit as lid van 'n gesin, lid van 'n kerk en lid van 'n volk, sal ontwikkel.

Die kind moet dus gelei word sodat hy die plek ken waar hy woon deur middel van 'n studie van Aardrykskunde en dat hy die verhaal ken hoe hy daar gekom het deur middel van die Geskiedenis. Daar is dus 'n verdere besondere taak wat die skool moet volbring, naamlik om hierdie twee vakke op so 'n wyse aan die leerling te onderrig dat hulle daardie ontwikkeling by hom teweegbring wat van hom 'n ingeligte en selfstandigdenkende landsburger sal maak.

Sedert 1920 het daar egter verskeie vakke soos Liggaamlike Opvoeding, Skoolmusiek, Kunsvlyt, Gesondheidsleer, Natuurstudie, Padveiligheid, Spaarsin, Grondbewaring en Volkekunde aan die deure van die laerskool begin klop en baie van hulle het 'n plek in die laerskoolprogram verower. Die probleem het toe ontstaan watter vakke almal in die laerskool onderrig moet word en hoeveel tyd aan elkeen bestee moet word. Gepaard hiermee en deels ter oplossing van hierdie probleem is die vraag ondersoek of dit nie moontlik sou wees om sekere vakke wat hulle daartoe leen op so 'n wyse te kombineer dat die oorspronklike doelstelling daarmee meer doeltreffend bereik kon word en dat daar 'n tydsbesparing sou plaasvind nie.

Van al die vakke het Geskiedenis en Aardrykskunde weens die feit dat die Aardrykskunde eintlik die plek is waar die Geskiedenis plaasgevind het — hulle pragtig hiertoe geleen. Daar is gevolglik besluit om 'n poging aan te wend om die twee vakke op sodanige wyse te kombineer dat dit algemene tevredenheid sou gee en dat nie een van die twee vakke daardeur skade sou ly nie. In 1954 is 'n komitee onder voorsitterskap van prof. C. B. Linder, destyds inspekteur van onderwys in Krugersdorp, aangestel met die opdrag om ondersoek in te stel en aanbevelings te maak insake die moontlikheid van die invoering van die vak Sosiale Studies of Omgewingsleer en hoe dit saamgestel moet word ten einde sekere bestaande vakke te vervang en moontlik ook onderrig in te sluit van vakke soos Grondbewaring, Padveiligheid en Bantoekunde.

Hierdie komitee het 'n tussentydse verslag uitgebring en aanbeveel dat die vak Sosiale Studies, waarvoor hulle ook 'n konsep-sillabus ingedien het, ingevoer word. Die kommentaar oor hierdie verslag deur beide onderwysersvereniging en die Konferensie van Inspekteurs van Onderwys wat in Augustus 1956 gehou is, was baie gunstig. Die kommentaar en aanbevelings van die onderwysersverenigings is daarna in Oktober 1956 deur die Raad van Advies insake Onderwys oorweeg en daar is toe aanbeveel dat die nuwe leergang nie onmiddellik ingevoer word nie, maar eers op 'n eksperimentele sowel as 'n vrywillige basis uitgetoets moet word. Nadat die vak vanaf die begin van 1957 in 18 skole uitgetoets is, het die Onderwysburo 'n opsomming van die bevindings met die eksperimentele toepassing gedoen en daar is bevind dat die nuwe vak Sosiale Studies die leerstof van Geskiedenis en Aardrykskunde dek en korreleer; dat die konsentriese aanbieding van die leerstof opvoedkundig gesond en prakties uitvoerbaar is, dat die vak gelei het tot hernude belangstelling in Geskiedenis en dat die Aardrykskunde met goeie gevolg uit 'n menslike oogpunt benadruk is. Onderwysers moes egter meer navorsing en voorbereiding doen en die vak het as 'n verjongingskuur vir hulle gedien. Al 18 skole het getuig dat die eksperiment 'n sukses was en versoek dat met die vak voortgegaan word. 'n Probleem was egter die gebrek aan naslaan-werke.

Intussen is daar in 1955 'n werkstuk aan die Onderwysburo voltooi waarin daarop gewys word dat die oorlading van die laerskoolleergang hoofsaaklik bestaan uit 'n gebrek aan korrelasie tussen opvoedkundige materiaal en onderwys organisasie, en waarin daar op gewys is dat Sosiale Studies die inhoudsvakke met vrug kan vervang.

In 1958 is 'n nuwe komitee onder voorsitterskap van mnr. P. J. Conradie, die destydse Hoofinspekteur van Onderwys, saamgestel om die Sosiale Studies-leergang te hersien. Hierdie komitee het sekere wysigings aanbeveel sowel as dat die benaming Sosiale Studies vir die vak behou moet word. In 1958 het die Uitvoerende Komitee, nadat hierdie verslag oorweeg is, besluit dat Sosiale Studies soos gewysig aanvaar word en dat die vak gedurende 1960 in alle Transvaalse laerskole proefondervindelik ingevoer word. Daarna is weer 'n vraelys deur die Buro opgestel oor Sosiale Studies en aan skole gestuur vir beantwoording. Die antwoorde op hierdie vraelys

het daartoe gelei dat Sosiale Studies permanent as vak in die laerskool ingevoer is.

Van tyd tot tyd is daar egter kritiek teen Sosiale Studies ingebring en die Departement het die indruk gekry dat Sosiale Studies nie deur alle instansies as vak in die laerskool aanvaar is nie.

Gevolglik is daar weer ondersoek ingestel deur die Departement en die resultaat van hierdie ondersoek, is besonder interessant. Daaruit het geblyk dat alhoewel 'n groot persentasie onderwysers nie die vak Sosiale Studies in die laerskoolkurrikulum wil hê nie, hulle tog waardering het vir mooi dinge wat deur die nuwe benadering bygebring is. So het die begrippe selfwerksaamheid, groepwerk, aanskouingonderwys en so meer, nuwe inhoud gekry. Die verwerping van Sosiale Studies deur die onderwyskorps moet blykbaar daaraan toegeskrywe word dat daar gedurende die vier jaar wat die vak onderrig is, nadele en gebreke te voorskyn gekom het wat aanvanklik nie voorsien is nie.

Intussen het dit ook vir die Departement duidelik geword dat die suksesvolle integrasie van die leerstof van verskillende vakke tot een vak slegs deur besonder begaafde onderwysers suksesvol deurgevoer kan word.

Daar is ook nagegaan hoedat Sosiale Studies in die buiteland saamgestel en onderrig word. Hierdie navorsing het duidelik getoon dat ons metode van integrasie van die leerstof baie van dié in die buiteland, veral die Amerikaanse, verskil. In Amerika is Sosiale Studies nie 'n vak met geïntegreerde leerstof soos by ons nie, maar dit is bloot 'n groepnaam vir 'n aantal vakke waaronder Geskiedenis en Aardrykskunde ingesluit is, maar waarin elke vak sy eie identiteit behou.

Die feit dat die vak Sosiale Studies, nadat dit nou vier jaar ten volle in die skole onderrig is, blykbaar nog nie deur die algemene publiek aanvaar word nie en nou nadat hulle dit vir 'n tydlank onderrig het, deur 'n oorweldigende meerderheid onderwysers verwerp word, het daartoe gelei dat die voortbestaan van Sosiale Studies ernstig deur die Departement oorweeg is.

Nadat die saak na die Vakkomitee van die Inspektoraat vir Sosiale Studies en die Transvaalse Raad van Advies insake Onderwys verwys is, het die Departement hulle aanbevelings weer oorweeg. Hoewel beide liggame effens in hulle aanbevelings verskil, het beide die afskaffing van Sosiale Studies aanbeveel. Die Departement het gevolglik na rype en ernstige beraad besluit om Sosiale Studies as vak af te skaf.

Voortaan sal in die aanvangsklasse gebruik gemaak word van die dinge waarmee die kind uit sy ouerhuis reeds bekend is. Dit sal voldoende gevoelsmomente bevat wat met die hulp van aanskouingsmiddele tot die gemoed van die kind spreek. Enersyds sal dit aansluit by die verbeelding van die kind en andersyds by die realiteite wat hom omring. Hierdeur sal hy stadigaan in die roetine van sy groter sosiale en fisiese omgewing ingelyf word en tot gesonde gewoontevorming gelei word.

Algaande sal die stof meer georden raak. Die elemente van tyd en ruimte word geleidelik bygebring soos die begrippe van gister, vandag en môre asook die van naby en ver, ens.

Vanaf St. III, wanneer die kind sy realiteitsfase van ontwikkeling betree, sal Geskiedenis en Aardrykskunde op logiese wyse aangebied word.

Geskiedenis sal dan chronolgies gegee en die begrippe van oorsaak en gevolg, sal op hierdie stadium geleidelik ingebring word. Ook Aardrykskunde sal nou meer op die saaklike toegespits wees.

Die Departement gaan een breë gesamentlike komitee benoem om die leergange van Geskiedenis en Aardrykskunde op te stel, die metodiek aan te dui en die opvoedkundige beginsels daar te stel waarvolgens die vakke onderrig sal word.

Nadat die basiese beginsels neergelê is, sal die komitee verdeel in twee leergangkomitees vir Geskiedenis en Aardrykskunde onderskeidelik. Hierdie komitees sal dan die doel, inhoud en omvang van die vakke bepaal, maar steeds in nou voeling met mekaar bly om te sorg dat voldoende korrelasie tussen die vakke sal plaasvind. In die samestelling van die nuwe sillabusse, sal die nodige klem op die kultuur-historiese aspekte val en sal die vernuwing van benadering vir die leerstof van Geskiedenis en Aardrykskunde, wat uit Sosiale Studie voortgevloei het, onder andere selfwerksaamheid en groepwerk, ten beste benut word. Aangesien die vernaamste beswaar teen Sosiale Studies blykbaar was dat Geskiedenis nie tot sy reg gekom het nie, sal die Sillabuskomitee vir Geskiedenis opdrag kry om duidelik sy doelstelling met die onderrig van Geskiedenis in die laerskool te formuleer en onder andere die volgende aspekte by die doelstelling te oorweeg.

Geskiedenis moet dien om aan die leerling sy erfenis uit die verlede en sy eie plig vir die toekoms te verduidelik. Dit moet dus mettertyd vir hom duidelik word wat die Westerse beskawing in die algemeen en sy eie land in die besonder, aan hom nagelaat het en dat hy self ook in staat moet wees om 'n bydrae tot sy volksprestasies te lewer. Verder moet die leerling voldoende kennis opdoen van die geskiedenis van sy vaderland en die wyse waarop landsbestuur in sy eie land ontwikkel het; om naas liefde vir sy eie volk en land, ook te leer dat lande en volke van mekaar afhanklik is en dat vaderlandsliefde en vryheid inherent by alle volke is.

Dit is ook belangrik dat daar nie sonder meer tot die ou metodiek van onderrig in Geskiedenis — waardeur daar in sommige gevalle net gekonsentreer is op feite, teruggeval word nie. Leerlinge moet in die toekoms beslis gelei word om self hulle gegewens bymekaar te maak en te rangskik en om oordeelkundig daardie te kies wat hulle nodig het vir die bepaalde behoeftes. Van die geskiedenisonderwysers sal daar verwag word om die leerlinge te leer om objektief en krities te dink en om hulle kennis doeltreffend aan te wend. Die onderrig van Geskiedenis moet immers daarop ingestel wees om by die leerlinge 'n duidelike begrip van die verloop van die eeue sowel as van die wisselwerking van oorsaak en gevolg tuis te bring. Die Geskiedenisonderwyser moet dus poog om leerlinge 'n beter begrip te gee van sake van die dag en om hulle die verband te laat sien tussen die leefwyse van die hedendaagse mens en dié van hulle voorvaders, met 'n liefde en trots vir die eie en 'n waardering vir die goeie van die vreemde.

Maar die onderrig van Geskiedenis moet veel verder gaan. Waar dit met die lotgevalle van die mens te doen het, moet die waarheid objektief en onbevooroordeeld nagestrewe word. Dit kan bewerkstellig word deur by die leerlinge 'n kritiese gesindheid teenoor historiese feite aan te leer.

Wat die vak Aardrykskunde betref, moet ons ook nie weer terugkeer tot die blote aanleer van die name van berge, riviere, hoofstede, seë en mere nie, maar moet die Aardrykskunde op interessante en opbouende wyse aan die leerlinge aangebied word as die woonplek van die mens. So moet die noodsaaklike begrippe van die morfologie van die bodem, die lees van 'n kaart, die logiese samehang van natuurverskynsels en die verklaring daarvan aandag geniet. In toevoeging tot die meer feitelike moet die nadruk ook val op die ekonomiese moontlikhede van sekere lande, die verspreiding en sametrekking van mense in sekere gebiede wat per slot van sake 'n belangrike dryfveer vorm vir groot geskiedkundige gebeure soos byvoorbeeld die ontdekking van diamante en goud in Suid-Afrika wat gelei het tot allerlei internasionale komplikasies en uiteindelik op oorlog uitgeloop het.

In die laaste dekade het die ontdekking van goud in die O.V.S. en die Wes-Transvaal, sowel as die ontdekking van die landboumoontlikhede van die Transvaalse Laeveld, gelei tot groot bevolkingsverskuiwings met allerlei sosiale implikasies.

Waar die beginsel van die integrasie van leerstof dus nou oorboord gegooi word, word daar 'n belangrike onus op die onderwyser geplaas vir die doeltreffende korrelasie van die leerstof.

Aangesien so 'n groot persentasie onderwysers Sosiale Studies as vak verwerp het en by implikasie die invoering van Geskiedenis en Aardrykskunde as afsonderlike vakke bepleit, rus daar nou 'n besondere verantwoordelikheid op hulle om waar hierdie vakke weer ingevoer word, 'n besondere sukses daarvan te maak. En onder sukses word verstaan, ek wil die benadruk, nie slegs die bybring van 'n hoeveelheid parate kennis deur die aanleer van 'n klomp feite nie, maar die lei van die leerling tot 'n selfstandig-denkende persoon wat op sy eie, sy feitemateriaal kan versamel, verwerk, interpreteer en saamstel. Indien dit nie gebeur nie sal Geskiedenis ontaard, soos ongelukkig by sommige plekke die geval was, tot 'n oninteressante vak wat die leerlinge sal afstoot eerder as om hulle te interesseer. Indien Geskiedenis en Aardrykskunde daardie bydrae tot die opvoeding en onderwys van die leerlinge moet bydra wat dit bedoel is om te lewer, moet dit op intelligente en interessante wyse onderrig word sodat dit die weetgierigheid van die leerlinge sal prikkel en hulle sal aanspoor om self verder te gaan nalees. Soos geblyk het uit die antwoorde van die onderwysers op die jongste vraelys, is dit hulle weloorwoë mening dat die sukses al dan nie met 'n vak, regstreeks daarvan afhang hoe die vak benader en aangebied word.

Wat die invoering van Sosiale Studies 'n belangrike bydrae tot onderwysvernuwing gelewer het, so moet die terugkeer tot Geskiedenis en Aardrykskunde as afsonderlike vakke tot 'n verdere vernuwing in onderwysmetodiek lei.